basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## 2018

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), redigeer en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400–450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 *Jy weet mos hoe mense is ...* **[50]**

1.2 Met bene uitgestrek, koppie koffie in die hand, begin hy/sy vertel ... **[50]**

1.3 Orgaanskenking kan 'n ander se lewe red. **[50]**

1.4 **Drup, drup, drup ... en daar val die reën!** **[50]**

1.5 Dis die klein dingetjies wat saak maak. **[50]**

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: https://i.pinimg.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: www.istockphoto.com] **[50]**

1.6.3



[Bron: https://s-media-cache-ak0.pinimg.com/originals] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elk. Skryf elke keer die nommer van die teks neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het 'n troue bygewoon waar sake skeefgeloop het.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou ouers waarin jy hulle daarvan vertel. **[25]**

### 2.2 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Jou bure hou plaasdiere op hulle erf in die dorp aan. Dié plaasdiere se geluide is baie steurend.

Skryf 'n KLAGTEBRIEF aan jou dorp se stadsraad waarin jy oor dié situasie kla. **[25]**

### 2.3 HULDEBLYK

Een van jou kollegas aanvaar 'n ander betrekking.

Skryf die HULDEBLYK wat jy tydens dié kollega se afskeidsfunksie gaan lewer. **[25]**

### 2.4 FORMELE VERSLAG

Die onderneming waar jy werk se personeel ervaar daagliks uitdagings met vervoer om by die werkplek uit te kom.

Die bestuurder vra jou om 'n verslag oor hierdie uitdagings, wat by die volgende bestuursvergadering bespreek sal word, saam te stel.

Skryf die FORMELE VERSLAG. **[25]**

### 2.5 DIALOOG

Tydens 'n sakewerkswinkel wat die plaaslike sakegemeenskap aanbied, kry jy die geleentheid om met 'n wêreldbekende sakeleier 'n gesprek te voer oor wenke om jou eie besigheid te begin.

Skryf die DIALOOG neer. **[25]**

### 2.6 FORMELE TOESPRAAK

'n Hoërskool in jou omgewing vra jou om die matrikulante tydens die laaste saalbyeenkoms toe te spreek. Jou onderwerp is:

**Die lewe is net wat jy daarvan maak.**

Skryf jou TOESPRAAK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou